MIND MOVES INSTITUUT

Sukses-Storie

More Mind Moves® Less Screaming

Olga Gouws

Good day,

I would like to thank Madam Olga for her hard work.

My son is left handed and I struggled to teach him to write.

He started attending extra classes with Madam Olga at school and I started seeing changes of his handwriting and good improvement of his readings.

My son has changed a lot – he enjoys doing sports and exercises rather than playing with play stations or watching TV.

He does his homework by himself rather than to wait for me coming back from work to help him. He even have time to help his brother with his homework also.

Its only 4 months him attending the classes but I have seen lot of improvements and would like encourage him to keep up with the good work, attend the classes more and would also like Madam Olga to help my little ones too.

Keep up the good work.

May God Bless You!!!

MUMMY

Met 'n ouerinligtingsaand, sommer vroeg in 2018 stap ouers moedeloos by my in. Die jaar het skaars begin en reeds is Nathi* besig om uit te rafel. Beide ouers kla dat Nathi glad nie belangstel in sport nie, hy luister glad nie na opdragte nie, en wil niks doen nie. Nathi het ook verkies om buite te staan terwyl die ouers met my gesels. Nadat ek hulle gerusgestel en 'n afspraak gemaak het, kon ek sien hulle gaan meer verlig huistoe.

Dit was egter van korte duur….

Met ons afspraak 3 dae later, is beide ouers daar. Nathi weier egter om in die klas te kom, inteendeel hy huil onbedaarlik en hardloop weg…. Die verslaentheid op die ouers se gesigte het boekdele gespreek.

Weereens verseker ek hulle dat als sal uitwerk, hulle moet net moed hou.

Onnodig om te sê dat ons glad nie die reflekssassessering kon doen nie. Uit my gesprek met die ouers het dit duidelik geword dat Nathi nooit gekruip het nie (wel bum-sliding), dat hy dikwels in 'n loopring was, en daarvan gehou het om te swaai.

Ek het egter reeds besluit om met die Wegtrekrefleks se oefeninge te begin….want ons begin mos by die begin. Boonop het die SOS tekens reeds duidelike bevestiging gegee.

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2018

Met die mamma se toestemming het ek sommer die oefeninge op haar gedemonstreer, en ‘n opvolgafspraak vir 2 weke later gemaak.

Groot was my verbasing toe Nathi sonder ‘boe’ of ‘baa’ bereid was om die assessering die keer te doen. Die Wegtrekrefleks se oefeninge het dus reeds begin werk. Hy het egter ‘n hele paar aktiewe reflekse gehad waaraan gewerk moes word.

Met ‘n plan in die hand, is die ouers huistoe, gewillig om na raad te luister en vasbeslote om te probeer.

Wegtrekoefeninge, minder TV kyk en meer speel (ook konkrete spel waar ouers leiding gee), kyk na sy dieet (hy het elke dag snoepiegeld gekry, gelewe op wegneemkos en -skyfies), en ouerbetrokkenheid is van uiterste belang.

Tydens die laaste assessering is Nathi se Wegtrekrefleks rustend en baie van die ander reflekse het reeds baie verbeter. Sy ouers bevestig dat hy ‘n baie meer gelukkige, ontspanne kind is. Hy konsentreer beter en werk vinniger. Sy juffrou bevestig ook gereeld dat sy nie kan glo dis dieselfde kind as ‘n paar maande gelede nie.

Nathi het vanaf ‘n nors, ongelukkige, “lui” seuntjie ontluik in ‘n gelukkige, selfversekerde, vriendelike seuntjie wat nie kan wag om smiddae tuis te kom en sy huiswerk self te doen nie!

Die laaste woorde van ‘n baie tevrede mamma toe ek haar vra wat sy dink die meeste gehelp het: “Mam, definitely Mind Moves and screaming less”.



Verbetering in Nathi se oneindigheidsteken van

18/1/18 tot 15/5/2018



Olga Gouws
Gevorderde Mind Moves Instrukteur
Steelpoort

*Skuilnaam

©Mind Moves Institute, Johannesburg. 2018